

Dierbare pikkewyn... dodelike jagter

Moet nooit die pikkie op sy baadjie takseer nie... 'n Paar jaar gelede het 'n olieramp aan die Kaapse kus tot 'n enorme reddingsoperasie vir oliebesmeerde pikkewyne gelei. Maar as jy gedink het dit was 'n liefdesdiens slegs vir 'n prettige en troetelbare klomp voëls, ken jy bes moontlik nog glad nie die ware pikkewyn nie. In die see is hy trouens soos 'n vaartbelynde moordmasjien -- 'n totaal ander kreatuur as daardie koddige waggelaartjie op die rotse...

AS 'n mens aan 'n pikkewyn dink, sien jy 'n swart-wit harlekyntjie voor jou geestesoog. 'n Lomp en waggelende, donserige bondeltjie wat soos 'n opgewende speelding oor die rotse of ys beweeg.

Dis natuurlik omdat ons pikkewyne net ken soos hulle op die land lyk. As jy een onder die seewater aan die werk kon sien, sou jy 'n totaal ander beeld van die pikkewyn hê.

In die see is hy die voëlwêreld se ekwivalent van 'n aanvalsdrukboot -- 'n sluwe, dodelike roofvoël wat gemaak is vir spoed, diepduik en oorlewing in die guurste toestande.

Moet dus nooit hierdie venynige doodsteek van visse en ander seediere volgens sy komieklike voorkoms beoordeel nie. Hy kom nie verniet voor in sommige van die onherbergsaamste streke op aarde nie.

En nie alleen is hy 'n uithaler-swemmer nie (party soorte swem honderde, selfs duisende kilometers ver), maar op sneeu en ys maak hy ook 'n sleet van sy borskas en laat waai hy teen die skuinstes af.

Boonop is hy die mees fantastiese duiker. Trouens, navorsing het getoon dat die sogenaamde keiserpikkewyne -- die grootste van die pikkewynspesies -- 'n verstommende 550 meter of meer onder die water kan afduik en tot elf minute onder kan bly.

Op sulke dieptes moet hulle minstens een dodelike uitdaging trotseer: die geweldige drukking wat dreig om hul liggame inmekaar te pers. Reeds op nagenoeg 380 meter word hulle byvoorbeeld onderwerp aan veertig keer die druk wat hulle op die oppervlak van die see ervaar.

Die groot druk is gevaarlik omdat dit die lug in die pikkewyn se longe tot een veertigste van sy oorspronklike volume verklein. Dit bemoeilik die

verspreiding van suurstof na die brein en ander lewensnoodsaaklike organe.

Stikstof word ook in die bloed ingedwing, wat by mense gevaarlike toestande kan veroorsaak soos stikstofbedwelming (wat diepsee-duikers laat hallusineer en foute maak) en die sogenaamde "borrelsiekte", 'n pynlike toestand wat meegebring word deur die vorming van stikstofborrels in die bloed.

Hoe kry pikkewyne dit dan reg om hierdie probleme te bowe te kom en so lank onder die water te bly? Navorsing dui daarop dat hulle wesenlik hul bloedtoevoer afsny na alle organe buiten die noodsaaklikste, soos die hart en brein. Gevolglik kan hulle nie slegs hul asem langer ophou nie, maar verminder hulle ook die risiko dat hul bloed deur stikstof besoedel word.

Daar's ook nog ander dinge wat die pikkewyne sulke hoogs doeltreffende verskrikkings van die diepsee maak. Aan hul tonge is byvoorbeeld skerp weerhake wat na agter wys en help keer dat hul prooi ontsnap.

Dit lyk voorts of die oë van pikkewyne so aanpasbaar is dat hulle sowel in die donker dieptes as in skerp sonlig goed daarmee kan sien. En dis geen geringe kordaatstuk nie, want water en lug verg heeltemal verskillende soorte sig. Maar hulle wysig blykbaar die vorm van die lense in hul oë met piepklein spiertjies om by die veranderinge aan te pas.

As jy dus ooit in jou lewe van aangesig tot aangesig met 'n pikkewyn sou kom, moenie vergeet dis 'n skepsel wat kan PIK nie. En soos met enige WYN moet jy ook maar baie, baie versigtig met hom omgaan.

Pikkewyn-potpourri

- PIKKEWYNE word in agttien spesies en ses genera ingedeel, en die meeste kom in Antarktika en die eilande daar naby voor. Die grootste soorte is die koningpikkewyn, met sy gemiddelde lengte van sowat 95 cm, en die keiserpikkewyn, wat meer as 120 cm lank kan word. Al twee kom in Antarktika voor.

Die kleinste soort is die klein bloupikkewyn van Australië en Nieu-Seeland wat maar hoogstens sowat 40 cm haal. Party spesies het kuiwe aan die kop, soos die verskillende geelkuifpikkewyne van die Kerguelen-eilande en die Crozet-eilande.

Die Kaapse pikkewyn, of Afrika-pikkewyn (in Engels die *jackass penguin* genoem, omdat sy paringsroep soos die gebalk van 'n donkie klink) hou in die suide van Suid-Afrika en het reeds vyfhonderd jaar gelede die matrose

verstom wat Vasco da Gama op sy epiese vaart van Europa na Indië vergesel het.

Die seevaarders het 'n groep van die swemvoëls in die diepsee soos dolfyne sien spring en baljaar, en glo dae lank onder mekaar geredekawel hoe voëls wat nie kan vlieg nie dan in die yskoue water so ver van die land af kan oorleef.

Pikkewyne broei op land, maar hulle kry al hul kos uit die see, en benewens visse vreet hulle tjokka en garnaalagtige skaaldiere. Hul vlerke word nie gebruik om deur die lug te sweef nie, maar om deur die water te "vlieg". Die vlerke kan ook nie teen die liggaam terugvou soos die meeste ander voëls s'n nie.

Aan elke poot is daar drie lang tone voor, al drie met sterk kloue, en 'n baie klein vierde toontjie wat aan die enkelbeen vas is. 'n Swemvlies verbind die voorste tone. Die pikkewyn se stertbene hou sy stert styf om hom regop te hou wanneer hy op die land staan. Die snawel is lank en spits -- ideaal om wriemelde visse mee beet te kry.

Pikkewyne se vermoë om rigting te hou is verstommend.. Voëls se ingewikkelde navigasiestelsels is nog nie heeltemal vir ons duidelik nie. Volgens kenners is hul belangrikste navigasihulpmiddel die aarde se geomagnetiese velde, terwyl die ligging van die son en sterre onder meer ook 'n rol speel .

Pikkewyne is ook goeie ouers. Die meeste bou 'n nes bo-op die grond van klippies, modder en plantreste of enige ander stowwe wat beskikbaar is. Altwee ouers sal om die beurt daar op hul een of twee eiers broei. (Die Kaapse pikkewyn maak egter nes in 'n holte in die grond.) Die donsige pikkewynkuikens het 'n lang versorging nodig en word dikwels in "kindertuine" opgepas. Die kleintjies word gevoed deur kos in hul wagtende bekkies op te bring.

Die broeipatroon van die keiserpikkewyn van Antarktika is heel uitsonderlik en verskil van dié van die ander pikkewyne. Nadat sy haar enkele eier gelê het, vat die wyfie haar koers om te gaan vreet. Die mannetjie broei die eier man-alleen uit deur dit tussen sy voete en maag warm te hou. Die kolonies broeiende mannetjies bly twee maande lank sonder kos terwyl hulle hul eiers koester in temperature van tot 40 grade onder vriespunt.

Wanneer die eiers uitbroei, het mannetjies reeds 'n derde van hul liggaamsgewig verloor, maar sodra die wyfies terugkeer om vir die kuikens te sorg, is die pa's uiteindelik vry om na die water terug te keer vir kos en 'n welverdiende blaaskans.

Hoe die pikkewyn sy naam gekry het

- DIE woord pikkewyn is vermoedelik 'n vervorming van die naam wat die vroeë Spaanse matrose aan hom gegee het vanweë die baie vet (*penguigo*) in sy lyf.

Die Wallisers beweer egter weer dat die naam ontleen is aan 'n ou Walliese frase, *pen gwyn* of "wit kop" -- die naam van 'n pikkewyn-agtige voël van die Noordelike Halfrond wat so baie gejag is dat hy in die 1800's uitgesterf het.

Op dun ys

- DIE ou dae se ontdekkingsreisigers het pikkewyne as onnosel diere beskou wat vir niks anders goed is as om opgeëet te word nie. Ook die voëls se eiers is geroof.

Vlote seevaarders het die suidelike oseane geplunder en robbe, walvisse en pikkewyne voor die voet en roekeloos afgemaai. Binne 'n halfeeue was baie kolonies óf bedenklik uitgedun óf heeltemal uitgewis.

Vandag is daar wette wat pikkewyne beskerm. Tog is verskeie spesies steeds in gevaar. Die skaars geeloggpikkewyn van die Nieu-Seelandse woude word deur ingevoerde katte, honde en rotte en deur die verwoesting van sy houbied bedreig.

Die Humboldt-pikkewyn van Peru was sy broeiplekke kwyt toe die ghwano (laag mis) waarin hy sy gate grawe, verwyder is om as bemesting gebruik te word.

Ons eie Kaapse pikkewyn word regtens beskerm, maar eierversamelaars en vandale maak steeds die lewe vir hom moeilik. Die grootste gevaar wat hy moet trotseer, is egter olie -- die morsige stortings van tenkskepe wat langs die Kaapse kus vergaan het.

[Terug na inhoudsblad -- klik hier](#)
